PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

## Onderwaterhokkie SA's: Rusties weet hóé!



**Rustenburg** – Baie geluk aan die Hoërskool Rustenburg (RHS) onderwaterhokkie span wat die afgelope naweek aan die SA's te Potchefstroom deelgeneem het. RHS het puik presteer en verwerf drie goue en een silwer medaljes.
Die A-span wen hul liga en vat goud huistoe!
Welgedaan aan die o/19 dogters: hulle wen *finswimming* aflos en wen goud. Nerene Greeff wen die 50m oppervlak *finswimming* en wen goud; en Elisna Nel kom 2de in die 50m onderwater *finswimming* en wen silwer.

## Vodacom Superruggas 2018

**Chiefs vs Bulle**
In Hamilton loop die Bulle met halftyd 28-14 voor en verloor so wragtig 41-28 ou grote. Wat in die tweede helfte gebeur het sal net hulle sussies in Danville weet... Die Bulle se volgende game is teen die Crusaders in Christchurch. Die Chiefs reis Tokio toe om teen die Japannese Wolwe uit te draf.

**Highlanders vs Crusaders**
In die beste game van die naweek slaag die Highlanders daarin om die Saders in Dunedin 25-17 te klop. Dit was skitter ruggas soos net die Kiwi's kan! Die Highlanders speel volgende teen die Hurricanes in Wellington wat beloof om 'n riller te wees. Die Saders draf tuis teen die Bulle uit.

**Brumbies vs Haaie**
Die Haaie verloor 24-17 teen die Brumbies in Melbourne en verdien darem 'n bonuspunt. Die Haaie sal drasties hulle game moet verbeter as hulle saam met die groot honne wil blaf. Die Haaie speel volgende teen die Rebels in Melbourne en die Brumbies het 'n loslootjie.

**Stormers vs Blues**
Op Nuweland in Kaapstad speel die Stormers puik ruggas en klop die Blues 37-20. Die Kapenaars het die besoekers laat knor in die skrums en sodoende die Blues op die agtervoet gedwing wat meegebring het dat jong Damian Willemse op losskakel kon baljaar. Die Stormers speel volgende teen die Reds op Nuweland met die Blues wat 'n loslootjie geniet.

**Leeus vs Sunwolwes**
Op Ellispark moes die Leeus vir tagtig minute lank sweet om die lastige Japanese Wolfies te klop. Die Wolwe het amper vir een van die grootste opskuddings nog gesorg en verloor 38-40 teen die Leeus. Die Leeus reis Buenos Aires toe om teen die Jaguares te gaan uitdraf met die Wolwe wat die Chiefs in Tokio gaan aandurf.

**Nag ou grote...**

En so terloops ou groene... Ierland klop toe Eddie se Bleekbene om die Ses Nasie titel in te palm... vat so Edda!

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

## PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| Skryf Net writing competition open | 22 Mar - 31 Oct '18 | South Africa | | SkryfNetcompetition@gmail.com |
| Chris Chameleon | 23 Mar '18 | RTB: Tarentaal Teater | 079 221 3044 | maryna@tarentaalteater.co.za |
| Koster Dam Eisbein Fees 2018 | 23-25 Mar '18 | KOSTER: Koster Dam | 082-851 6391 | navrae@kosterdam-eisbeinfees.co.za |
| Casa Valde se kos- en kunsmark | 24 Mar '18 | RTB: Casa Aftree Landgoed | 082-553 4098 | pitani@mweb.co.za |
| Dames Oggend met Vanessa Goosen | 24 Mar' 18 | RTB: NG Moedergemeente | 083-288 0908 | daleenroets1@gmail.com |
| Elite Riders MC's 6th Annual charity day jol | 24 Mar' 18 | RTB: Royal Bafokeng Stadium | 071-860 1807 | tieho.khemisi@angloamerican.com |
| Koster Dam Bergfietswedren | 24 Mar '18 | KOSTER: Koster Dam | 082-788 9885 | bergfiets@kosterdam-eisbeinfees.co.za |
| Jakkie Louw | 24 Mar '18 | RTB: Broers Pub & Grub | 083 582 4675 | broerspub@gmail.com |
| Rainhill Mark Dag | 25 Mar 18 | RTB: Rainhill Farm | 082-224 5566 | mbyneveldt@mweb.co.za |
| Invitation to attend the ordinary meeting of Council | 27 Mar '18 | RTB: Civic Centre | 014 590 3525 | |
| Moses Kotane Local Municipality Mayoral Golf Day | 11 Apr '18 | PHOKENG: Sun City Resort | 011-780 7800 | crobrook@suninternational.com |